# ON FIRE

## WEEK 1

**Jesus en die Heilige Gees**

Doel: In hierdie Bybelstudie wil ons gaan kyk na die rol wat Jesus aan die Heilige Gees toeskryf. Dit het die potensiaal om ons te help om die rol wat die Heilige Gees in ons lewens wil speel beter te verstaan.

**<u>INLEIDING</u>**

**Wat is jou eerste gedagtes as ons oor die Heilige Gees praat? (vrae, bekommernis, onseker oor, getuienis…)**

**Wat dink julle is die rol van die Heilige Gees in die lewens van gelowiges speel?**

**<u>WAT Sê DIE BYBEL?</u>**

**Lees Johannes 14:15-18, 25-26 en 16:5-15. Deel met mekaar wat jou tref met 'n eerste lees van die gedeelte.**

**Jesus praat baie duidelik oor die Heilige Gees en in hierdie gedeelte koppel Hy 'n spesifieke rol aan die Heilige Gees.** (Belangrike agtergrond: Jesus praat met sy dissipels die aand voordat Hy gekruisig word.) Die woord wat Jesus hier oor en oor gebruik as Hy oor die Heilige Gees praat, is die Griekse woord: ***parakletos***. (Sommige vertalings vertaal die woord met Helper, Trooster, Raadgewer, Voorspraak) Hierdie woord het verskillende betekenismoontlikhede en saam help dit ons om te verstaan wat Jesus verklaar die Heilige Gees wil kom doen.

1. **Die Heilige Gees as Helper om ons te help – Joh 14:16**
   Waarmee dink julle wou die Heilige Gees die dissipels help?

   Warmee dink julle wil die Heilige Gees ons help?

   > ***Onthou altyd dat ons nie bang hoef te wees vir die Heilige Gees nie. Die HG is gegee tot ons voordeel!***

2. **Die Heilige Gees om by ons te wees – Joh 14:16-18**
   Wat beteken dit en wat doen dit aan ons dat ons nooit alleen kan wees nie en die Heilige Gees die heeltyd by ons is?

Hoe help die voorbeeld van weeskinders in v 18 ons om dit reg te verstaan?
Watter waarde kan dit vir ons vandag hê?

**3. Die Heilige Gees as Raadgewer – die Gees van Waarheid – Joh 14:17, 26 en Joh 16:13**

Waarom het ons iemand nodig om ons voortdurend aan die Waarheid te herinner?

Hoe dink julle doen die Heilige Gees dit?

- Herhinner ons aan Skrif
- Wys sonde in ons lewens uit – praat die waarheid oor wie ons is! (Dalk is dit hoekom ons oa bang is vir die Gees se werking in ons lewens)
- Praat waarheid oor ons lewens oor hoe God oor ons dink en voel

**4. Die Heilige Gees as Tooster Joh 16:5-7**

Watter impak het die dood van geliefdes op mense?

Watter belofte is in **Romeine 8:26** oor die rol van die Heilige Gees?

**5. Die Heilige Gees as Advokaat vir ons verdediging – Joh 16:8-11**

Die HG staan langs ons in die hofsaal en verteenwoordig ons, neem ons verdediging waar, stel ons kant van die saak, is aan ons kant!

Watter belofte gee Rom **8:27 hieroor?**

Soms vind die **grootste stryd binne-in ons** plaas – voel nie goed genoeg nie, glo leuens oor ons, agterdogtig, sukkel om te glo, twyfel maklik, loop met skuldgevoelens rond, nie hoop, nie antwoorde…
Wat wil die Heilige Gees kom doen – lees weer **Joh 16:8-11**. Daar is 3 sake belangrik:

Die HG oortuig nie net van sonde nie, maar bevestig ons vergiffenis en verseker ons vryspraak!

Wat beteken dit vir jou om dit te hoor?

**Begin saambid vir volgende week**. Die preek gaan oor die uitstorting van die HG in Handelinge 1 en 2. Ek is oortuig daarvan dat die feit dat die eerste dissipels saamgebid het, het hulle harte oopgemaak vir die kragtige werking van die Gees!